

Maandag

Joh. 14: 15 -20; 16: 5 – 14; 1 Kor. 11: 23 – 29; 12: 12 – 14; Rom. 6: 3- 8

Teks Joh. 16: 14 Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. Tema: "Die Heilige Gees maak ons lidmate van die liggaam van Christus - nie die Heilige Gees se geesgenote nie." Die tekens (brood en wyn) wat vir ons wys wie die Persoon is wat die Heilige Gees aan ons meedeel is die nagmaal. Christus stel dit duidelik aan sy dissipels dat die Heilige Gees alles wat Hy aan ons verkondig die Gees van Christus ontvang. Hierdie woord "verkondig" wys dat die manier waarop die Heilige Gees werk, is deur die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus. Dit is hoe die Heilige Gees werk: deur die evangelie van Jesus wat gepreek word en geleer word. Daarom het die uitdrukking "verkondig" ook die betekenis van deel maak. Die verkondiging van die evangelie is nie sommer maar net praatjies en stories oor Jesus nie. Die prediking van die evangelie van Jesus is die wyse waarop die Heilige Gees ons laat deel in wie Jesus Christus vir ons is. Die Heilige Gees laat ons deel in alles wat Hy van Christus ontvang. Die Heilige Gees het niks anders om vir ons te gee as wat Christus vir Hom gee nie. Dit wat Christus vir die Heilige Gees gee om ons van deel te maak is ook nie sommer net presente en goed waarvoor ons wens nie. Die Heilige Gees verheerlik Christus. Dit beteken alles wat die Heilige Gees ons in laat deel wat Christus vir Hom gegee het om met ons te deel, maak Christus verheerlikte Here. Die Heilige Gees maak nooit Homself Here nie. Die Heilige Gees maak Jesus Christus Here in en deur alles wat Hy van Jesus ontvang om aan ons mee te deel. Daar is niks wat die Gees ons gee of in laat deel wat die Gees Here laat wees nie, want daar is niks waarin die Heilige Gees ons laat deel wat Hy self het nie. Hy deel net wat Hy ontvang van Christus. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Joh. 14: 15 -20; 16: 5 – 14; 1 Kor. 11: 23 – 29; 12: 12 – 14; Rom. 6: 3- 8 Teks Joh.

16: 14 Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. Tema: "Die Heilige Gees maak ons lidmate van die liggaam van Christus - nie die Heilige Gees se geesgenote nie." Die nagmaal is die sakrament wat vir ons wys en verseker wat (eintlik Wie) die Heilige Gees van Christus ontvang en aan ons meedeel. Die Here gee vir ons die tekens van brood en wyn. Hierdie tekens noem die Here dan sy bloed en liggaam, met die toeseggings: "Die Here Jesus het in die nag waarin Hy verraai is brood geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam vir julle." en ook "Hierdie beker is die nuwe verbond deur my bloed." Met die tekens van brood en wyn wys die Here Jesus dat sy liggaam (wat as mens in die hemel is), sy menswees aan ons gegee word om daaraan/daarvan deel te wees. Sy liggaam as méns (in die hemel) is wat die Heilige Gees van Christus ontvang en ons in laat deel. Daarom stel Paulus dat die enigste wyse waarop jy die tekens van die nagmaal kan gebruik, is om die liggaam van die Here te ONDERSKEI. Dit beteken dat jy moet weet dat die tekens van die brood en die wyn is tekens van die Here se menswees vandag in die hemel. Jy kan net die brood en wyn ontvang en gebruik, wanneer jy dit ontvang as tekens

dat die Heilige Gees jou insluit en laat deel in wie Jesus as MENS vandag in die hemel is. Want dít is wat Christus vir die Gees gee. Dit is wat die Gees van Christus ontvang. Dit is waarin die Heilige Gees ons laat deel – dit wat vir ons met die brood en wyn gewys word: die Here se liggaam as mens in die hemel. Die kerk is die liggaam van die Here omdat ons lede is van die mens-liggaam (die menswees) van die Here in die hemel. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Joh. 14: 15 -20; 16: 5 – 14; 1 Kor. 11: 23 – 29; 12: 12 – 14; Rom. 6: 3- 8

Teks Joh. 16: 14 Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. Tema: "Die Heilige Gees maak ons lidmate van die liggaam van Christus - nie die Heilige Gees se geesgenote nie." Die nagmaal wys ons die Heilige Gees laat ons deel in die liggaam van die Here en laat Christus só ons Here wees. Dit wys Romeine 6 duidelik! Die Heilige Gees doop ons ín, dit is, sluit ons ín en laat ons deel ín wie Jesus as mens in die hemel is. Só deel ons alles wie Jesus as mens op aarde vir ons was en vir ons gedoen het.(Rom. 6: 3,4.) Só is ons ingesluit en deel ons: die strafdood van die Here beteken dat ons nooit self vir sonde gestraf word nie; sy begrafnis beteken dat God sy vyandskap teen ons begrawe het, om God vír ons en nie teen ons te wees nie, (Rom. 6:4, 8: 31); sy opwekking uit die dood beteken om in God se guns te leef - om self nooit enige opwekking of herlewing hoef te bewerk om in God se guns te wees nie. Ons deel die lewe wat die Here Jesus vandag as mens regverdig en heilig leef (Rom. 6:10,11) sodat ons en ons liefde vir God reg en heilig is. Só laat die Heilige Gees ons deel in alles wat Hy van Christus ontvang... soos dit gewys word in die tekens van die brood en die wyn. Die Gees laat Christus Here wees, deur ons in te sluit en te laat deel in wie die Here as mens is. (Rom. 6: 12 – 14). Hy laat Christus ons só regeer: Syne is myne en myne is Syne! Hy regeer ons nie deur die vrees vir straf, die dreiging van vyandskap, die eis om te herleef of om self reg en heilig te word nie. Hy regeer ons deur die sekerheid van sy genade, liefde, sy vernuwing en om ons vir Hom reg en heilig te maak. Die nagmaal wys dat die Heilige Gees Christus verheerlik deur Christus in ons plek as sondaar te behandel het, sodat ons altyd deur God as sy geliefde kinders behandel word. (2 Kor. 5: 21) Preek beskikbaar op google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Joh. 14: 15 -20; 16: 5 – 14; 1 Kor. 11: 23 – 29; 12: 12 – 14; Rom. 6: 3- 8

Teks Joh. 16: 14 Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. Tema: "Die Heilige Gees maak ons lidmate van die liggaam van Christus – nie die Heilige Gees se geesgenote nie." Die Heilige Gees maak ons nooit sy geesgenote nie! Wat is geesgenote? Geesgenote is wanneer persone een persoon, een lewe, een wil, een krag en een mag word. Om geesgenote te word, moet jy jou eie persoon, eie lewe, eie wil, eie krag opgee sodat jy en jou geesgenote opgaan in mekaar om met mekaar verenig (versmelt) te wees in persoon, lewe, wil krag en mag. Om 'n geesgenoot van God te word moet jy jou eie menslike lewe, eie persoon,

eie wil, krag en optrede opgee as 'n offer en dan glo dat jy een met die goddelike lewe, persoon, wil en krag van God word. Geestelikes glo dat wanneer jy jou eie menslike lewe en krag opgee, kom hierdie goddelike gees van God en verenig (versmelt) jou met wie Hy is en wat Hy doen. Dan is God se goddelike lewe jǒu lewe, sy persoon jǒu persoon, sy wil jǒu wil en sy krag jǒu krag en doen julle een ding saam! Niks in die nagmaal wys dat ons God se geesgenote is nie. Die brood en wyn is tekens dat Jesus Christus vandag 'n MENS van vleis en bloed in die hemel is en ons eet en drink dit as tekens dat die Heilige Gees ons insluit en laat deel in wie die Here as MENS in die hemel is. Die Gees van die nagmaal is die Gees van die nuwe verbond van Eseg. 36:24 -. Niks in die nagmaal wys ons is God se geesgenote nie. Daarom maak geestelikes altyd nuwe tekens of sakramente op om te wys dat hulle geesgenote van God se goddelikheid is, soos om die doop te verander na 'n teken dat jy God se geesgenoot geword het met jou bekering, om in geestelike tale te praat of om te lag en te val in die "Gees". Geesgenote van God is altyd besig om nuwe seremonies uit te dink om te wys hulle is God se geesgenote. Hierdie geesgenootskap met God is afgodsdien. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Joh. 14: 15 -20; 16: 5 – 14; 1 Kor. 11: 23 – 29; 12: 12 – 14; Rom. 6: 3- 8

Teks Joh. 16: 14 Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. Tema: "Die Heilige Gees maak ons lidmate van die liggaam van Christus – nie die Heilige Gees se geesgenote nie." Wat word Jesus in die lewe van mense wie God se geesgenote is, en nie meer 'n lede van die liggaam van Jesus Christus is nie? Vir hierdie geestelikes is Jesus nie meer Here nie, want hulle behoort nie meer aan sy liggaam waarvan Hy die Here is nie. (1 Kor. 12: 3, 14: 27) Vir geestelikes is die Gees die Here! Daarom vervang hulle die Nagmaal met 'n godemaaltyd. In hierdie godemaaltyd is die wyn en brood nie meer net 'n sigbare en tastbare teken waarmee die Here ons verseker ons is lede van sy liggaam nie. Dit is 'n feesmaal van God se geesgenote, wat hul gemeenskaplike goddelikheid met God vier. Vir hulle is die brood en wyn tekens dat omdat jy jouself soos Jesus opgeoffer het, is jy net soos Jesus met God se goddelikheid vervul. Jy en Jesus het op dieselfde wyse jouself opgeoffer om saam geesgenote van God te word. Jesus is nie meer die Here van sy liggaam nie, maar net die eerste voorbeeld van 'n mens wat sy lewe opgeoffer het om goddelik te word. 1 Kor. 10: 21 wys duidelik uit wat is hierdie sogenaamde geestelike ete met God: "Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van bese geeste nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van bese geeste nie." Die etes waarna hier verwys word, was die godemaaltye wat mense geëet het nadat hulle, hul offers vir hul gode gebring het. 'n Nagmaal waar mense as God se geesgenote saam met Hom 'n geestelike ete geniet, nadat hul hulself vir God geoffer het, is die beker en tafel van bese geeste. Dit is nie Christus se teken om mense te verseker hulle is lidmate van sy liggaam waarvan Hy Here is nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus